2. A levy of 25c per metric ton is hereby imposed on lupin seed exported from the Republic for seed purposes.

3. The levy referred to in clause 2 shall be payable at such times and in such a manner as may be prescribed by regulation under section 89 of the Marketing Act, 1968, and shall be so payable by the exporter or the person on whose behalf such lupin seed is exported.

---

No. R. 432 7 Maart 1975

## TYD EN WYSE VAN BETALING VAN 'N HEFFING OP LUPINESAAD WAT VIR SAADDOELEINDES UIT DIE REPUBLIEK UITGEVOER WORD

Die Minister van Landbou het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 89 van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), die regulasies in die Bylae hiervan uiteengesit, gemaak.

### BYLAE

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis, en beteken—

"lupinesaad" die gedorste, droë saad van die plant *Lupinus angustifolius, Lupinus luteus* of *Lupinus albus;*
"maand" die tydperk wat strek van die eerste tot die laaste dag, albei dae ingesluit, van enigeen van die 12 maande van die jaar;
"Republiek" nie ook die Gebied nie.

2. 'n Heffing deur die Minister kragtens artikel 84A van die Bemarkingswet, 1968 opgelê op lupinesaad wat vir saaddoeleindes uit die Republiek uitgevoer word, moet aan die Sekretaris van Landbou-ekonomie en bemarking betaal word binne sewe dae na die laaste dag van die maand waarin sodanige lupinesaad uitgevoer is.
3. Elke betaling van 'n heffing moet vergesel gaan van 'n opgawe in die vorm in the Aanhangsel hiervan uiteengesit.

### AANHANGSEL

Aan die Sekretaris van Landbou-
ekonomie en -bemarking
Privaatsak X250
Pretoria
0001

OPGAWE DEUR UITVOERDERS VAN LUPINESAAD OF PERSONE TEN BEHOEWE VAN WIE LUPINESAAD UITGEVOER WORD

Vir die maand........................................19.......
Naam van uitvoerder of persoon ten behoewe van wie sodanige lupinesaad uitgevoer is........................................
Adres........................................
Geïnspekteer te........................................
Hoeveelheid uitgevoer (metrieke ton)........................................
Heffing daarop betaalbaar teen 25c per metrieke ton: R........................................
Ek, die ondergetekende, verklaar hierby dat die inligting in hierdie opgawe verstrek waar en juis is.

Datum........................................

........................................
Handtekening van persoon wat opgawe verstrek het

........................................
Hoedanigheid

No. R. 432 7 March 1975

## TIME AND MANNER OF PAYMENT OF A LEVY ON LUPIN SEED EXPORTED FROM THE REPUBLIC FOR SEED PURPOSES

The Minister of Agriculture has, under the powers vested in him by section 89 of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968), made the regulations set out in the Schedule hereto.

### SCHEDULE

1. In these regulations, unless inconsistent with the context, a word or expression to which a meaning has been assigned in the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968), shall have a corresponding meaning, and—

"lupin seed" means the threshed dry seed of the plant *Lupinus angustifolius, Lupinus luteus* or *Lupinus albus;*
"month" means the period extending from the first to the last day, both days inclusive, of any of the 12 months of the year;
"Republic" excludes the Territory.

2. A levy imposed by the Minister under section 84A of the Marketing Act, 1968, on lupin seed exported from the Republic for seed purposes shall be paid to the Secretary for Agricultural Economics and Marketing within seven days after the last day of the month within which such lupin seed was exported.
3. Any payment of a levy shall be accompanied by a return in the form set out in the Annexure hereto.

### ANNEXURE

To the Secretary for Agricultural
Economics and Marketing
Private Bag X250
Pretoria
0001

RETURN BY EXPORTERS OF LUPIN SEED OR PERSONS ON WHOSE BEHALF LUPIN SEED IS EXPORTED

For the month........................................19.......
Name of exporter or person on whose behalf such lupin seed is exported........................................
Address........................................
Inspected at........................................
Quantity exported (metric tons)........................................
Levy payable thereon at 25c per metric ton: R........................................
I, the undersigned, hereby declare that the information furnished in this return is true and correct.

Date........................................

........................................
Signature of person who furnished return

........................................
Capacity

---

No. R. 438 7 Maart 1975

## REGULASIES TER REËLING VAN DIE VEREISTES IN VERBAND MET DIE UITVOER VAN MINDER BEKENDE TIPE MIELIES UIT DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Die Minister van Landbou het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 4 van die Wet op Uitvoer van Landbouprodukte, 1971 (No. 51 van 1971), die regulasies in die Bylae hiervan uiteengesit, gemaak.

No. R. 438 7 March 1975

## REGULATIONS FOR REGULATING THE REQUIREMENTS IN CONNECTION WITH THE EXPORT OF LESSER KNOWN TYPES OF MAIZE FROM THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

The Minister of Agriculture has, under the powers vested in him by section 4 of the Agricultural Produce Export Act, 1971 (No. 51 of 1971), made the regulations set out in the Schedule hereto.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



BYLAE

*Inhoud* *Regulasies*


Woordomskrywing.................................. 1

DEEL I

Kennisgewing.................................. 2
Aanbieding vir ondersoek.................................. 3
Ondersoek.................................. 4
Ondersoekgeld.................................. 5
Appèl.................................. 6
Vrystellings.................................. 7

DEEL II

Algemeen.................................. 8
Klasse.................................. 9
Grade.................................. 10–11

DEEL III

Houers, verpakking en merk.................................. 12–14

DEEL IV

Ondersoekmetodes.................................. 15

DEEL V

Toepassing van resultate.................................. 16

DEEL VI

Bepaling van persentasie afwykings.................................. 17

DEEL VII

Bepaling van voggehalte.................................. 18–28


*Woordomskrywings*

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Wet 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis, en beteken—

"behoorlik pof" dat die pit heeltemal oopgebars het, die saadhuid omgedop het en die endosperm ontbloot en uitgeswel is;

"besending" 'n hoeveelheid mielies van dieselfde graad wat op 'n bepaalde tydstip afgelewer word onder dekking van dieselfde afleweringsbrief, vragbrief, of ontvangsbewys, of van dieselfde voertuig of spoorwegtrok of wat uit dieselfde buis van 'n graansuier in 'n skip gelaai word of indien so 'n hoeveelheid ingedeel is in verskillende klasse, elke hoeveelheid van elk van die verskillende klasse;

"broodmielies" die gedorste saad van die plant *Zea mays amlyacea;*

"Departement" die Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking;

"die Wet" die Wet op Uitvoer van Landbouprodukte, 1971 (No. 51 van 1971);

"gebrekkige mieliepitte" mieliepitte—

(a) wat verskrompel, duidelik onvolwasse of wat vermuf of verkleur is: Met dien verstande dat normale verkleuring of oksidasie, verkleuring wat tot die aanhegtingspunt van die pit beperk is, en verrooiing nie as gebrekkig beskou sal word nie;

(b) wat in die geval van kiepiemielies deurgaans van 'n duidelike krytagtige tekstuur is;

(c) wat uitgeloop is, insluitende pitte waarvan die groeipunte (plumule) in die kiem sigbaar verkleur is;

(d) met holtes in die kiem of endosperm wat deur insekte of knaagdiere veroorsaak is;

(e) wat sigbaar deur brand ("smut"), grond, rook, steenkoolstof of op enige ander wyse besoedel is; en

(f) wat klaarblyklik van minderwaardige gehalte is;

"Hoof van Inspeksiedienste" die Hoof van die Afdeling Inspeksiedienste van die Departement;

"insekte" lewende kalanders of enige ander lewende insekte wat skadelik is vir opgebergde graan, ongeag die stadium van ontwikkeling van die insekte;

"kiepiemielies" die gedorste saad van die plant *Zea mays everta;*

"massasteker" 'n dubbelbuissteker met veelvoudige openings aan een kant van albei buise;

SCHEDULE

*Contents* *Regulations*


Definitions.................................. 1

PART I

Notice.................................. 2
Presentation for inspection.................................. 3
Inspection.................................. 4
Inspection fee.................................. 5
Appeal.................................. 6
Exemptions.................................. 7

PART II

Quality requirements.................................. 8
Classes.................................. 9
Grades.................................. 10–11

PART III

Containers, packing and marking.................................. 12–14

PART IV

Methods of inspection.................................. 15

PART V

Application of results.................................. 16

PART VI

Determination of percentage deviations.................................. 17

PART VII

Determination of moisture content.................................. 18–28


*Definitions*

1. In these regulations, unless inconsistent with the context, a word or expression to which a meaning has been assigned in the Act, shall have a corresponding meaning, and—

"bread maize" means the threshed seed of the plant *Zea mays amlyacea;*

"bulk probe" means a double tubed probe with multiple openings on one side of both tubes;

"Chief of Inspection Services" means the Chief of the Division of Inspection Services of the Department;

"consignment" means a quantity of maize of the same grade delivered at any one time under cover of the same consignment note, delivery note or receipt note or from the same vehicle or railway truck or which is loaded from the same bin of a grain elevator into a ship or if such abovementioned quantity is divided into different classes, each quantity of the different classes;

"defective maize kernels" means maize kernels—

(a) which are wizened, obviously immature, mouldy or discoloured: Provided that normal browning or oxidation, discolouration limited to the connecting tip of the kernel and pinking, shall not be considered as defective;

(b) which in the case of popcorn, have a distinctly chalky texture throughout;

(c) which are sprouted, including kernels of which the growing point (plumule) in the germ is visibly discoloured;

(d) with cavities in the germ or endosperm caused by insects or rodents;

(e) which are visibly contaminated by smut, soil, smoke, coaldust or any other means; and

(f) which are clearly of inferior quality;

"Department" means the Department of Agricultural Economics and Marketing;

"foreign matter" means any material other than maize;

"insects" means live weevils or any other live insects which are injurious to stored grain, irrespective of the stage of development of the insects;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



"mielies", vir die doeleindes van hierdie regulasie—

(1) pastamielies ("waxy maize");

(2) kiepiemielies; en

(3) ongespesifiseerde tipes mielies soos byvoorbeeld suiker- en broodmielies: Met dien verstande dat wit en geel duikpitmielies (*Zea mays indentata*) en wit en geel rondepitmielies (*Zea mays indurata*) vir die doeleindes van hierdie regulasies nie by die uitdrukking "mielies" ingesluit word nie;

"mielies van 'n ander klas" mielies wat uitgesonderd kleur, nie voldoen aan die vorm, grootte en ander vereistes van die betrokke klas nie en sluit gewone duikpitmielies (*Zea mays indentata*) en gewone rondepitmielies (*Zea mays indurata*) in;

"mieliepitte van 'n ander kleur", met betrekking tot—

(a) witmielies, mieliepitte van 'n ander kleur as wit; en

(b) geelmielies, mieliepitte van 'n ander kleur as geel;

"pastamielies" ook bekend as "waxy maize" 'n tipe mielie wat 'n baie hoë persentasie molekulêr vertakte amilopektien styselfraksie in die edosperm bevat en wat normaalweg van die plant *Zea mays ceratina* afkomstig is;

"suikermielies" die gedorste saad van die plant *Zea mays sacckarata;*

"vogtoetsolie" enige plantaardige slaai—of kookolie;

"vreemde voorwerpe" enige voorwerpe behalwe mielies;

"10-maashandsif" 'n handsif met 'n metaalgaasboom van 300 mm tot 310 mm by 300 mm tot 310 mm, wat gemaak is van ligte geplateerde staaldraad met vierkantige openings van 2,09 mm by 2,09 mm;

"20-maashandsif" 'n handsif met 'n metaalgaasboom 300 mm tot 310 mm by 300 mm tot 310 mm, wat gemaak is van ligte geplateerde staaldraad met vierkantige openings van 0,97 mm by 0,97 mm.

## DEEL I

## ALGEMEEN

*Kennisgewing*

2. (1) Iemand wat van voornemens is om 'n besending mielies uit te voer, moet skriftelik aan die Hoof van Inspeksiedienste, Privaatsak X258, Pretoria, of aan enige inspekteur kennis gee van sodanige voorneme minstens drie dae voor die datum van uitvoer.

(2) Sodanige kennisgewing moet verstrek—

(a) die massa mielies in die besending;

(b) die naam van die uitvoerder of sy agent;

(c) die graad en die klas van die mielies;

(d) die uitvoerhawe waarvandaan die uitvoer sal plaasvind;

(e) besonderhede aangaande die merk en bestemming daarvan; en

(f) die datum van uitvoer.

*Aanbieding vir ondersoek*

3. Mielies wat vir uitvoer bestem is, moet minstens 48 uur voordat sodanige mielies uitgevoer word, by die uitvoerhawe vir ondersoek aangebied word.

*Ondersoek*

4. (1) 'n Inspekteur moet 'n besending mielies vir uitvoer bestem, ondersoek op die wyse in Deel IV tot Deel VII voorgeskryf.

"other coloured maize kernels", in relation to—

(a) white maize, means maize kernels of a colour other than white; and

(b) yellow maize, means maize kernels of a colour other than yellow;

"maize" for the purpose of these regulations, means—

(1) waxy maize;

(2) popcorn; and

(3) unspecified types of maize e.g. sweetcorn and breadmaize: Provided that white and yellow dent maize (*Zea mays indentata*) and white and yellow flint maize (*Zea mays indurata*) are for the purposes of these regulations not included in the expression "maize";

"maize of another class" means maize which, with the exception of colour, does not comply with the form, size and other requirements of the class concerned and includes ordinary dent maize (*Zea mays indentata*) and ordinary flint maize (*Zea mays indurata*);

"moisture testing oil" means any vegetable salad or cooking oil;

"popcorn" means the threshed seed of the plant *Zea mays everta*;

"pop properly" means that the kernel has split open completely, the testa has been turned inside-out and that the endosperm is exposed and swollen;

"sweet corn" means the threshed seed of the plant *Zea mays saccharata;*

"the Act" means the Agricultural Produce Export Act, 1971 (No. 51 of 1971);

"waxy maize" means a type of maize which contains a high percentage of molecular branched amylopectin starch fraction in the endosperm and which normally originates from the plant *Zea mays ceratina*;

"10-mesh hand sieve" means a hand sieve with a wire mesh surface of 300 mm to 310 mm by 300 mm to 310 mm which is made of light plated steel wire with square openings 2,09 mm by 2,09 mm;

"20 mesh hand sieve" means a hand sieve with a wire mesh surface of 300 mm to 310 by 300 mm to 310 mm which is made of light plated steel wire with square openings 0,97 mm by 0,97 mm.

## PART I

## GENERAL

*Notice*

2. (1) Any person intending to export a consignment of maize shall give written notice of his intention to the Chief of Inspection Services, Private Bag X258, Pretoria, or to any inspector, at least three days prior to the date of export.

(2) Such notice shall state—

(a) the mass of maize in the consignment;

(b) the name of the exporter or his agent;

(c) the grade and class of the maize;

(d) the port of export from which the export shall take place;

(e) particulars concerning the marking and destination thereof; and

(f) the date of export.

*Presentation for inspection*

3. Maize intended for export must be submitted for inspection at the port of export at least 48 hours before such maize is to be exported.

*Inspection*

4. (1) An inspector shall inspect a consignment of maize intended for export, in the manner prescribed in Part IV to Part VII.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(2) Indien 'n inspekteur na sy ondersoek tevrede is dat daar ten opsigte van enige besending mielies aan die vereistes van hierdie regulasies voldoen is, moet hy sodanige besending vir uitvoer goedkeur deur òf die woorde "Goedgekeur deur Staatinspekteur" op elke houer òf op 'n etiket daaraan geheg, te merk, òf 'n sertifikaat wat sodanige goedkeuring aantoon, uit te reik, of indien daardie besending voorheen vir uitvoer goedgekeur was, bedoelde goedkeuring bevestig deur 'n sertifikaat wat sodanige bevestiging aantoon, uit te reik.

*Ondersoekgeld*

5. 'n Ondersoekgeld van 0,55c per 100 kg of gedeelte daarvan moet aan die Departement, deur die uitvoerder van mielies, wanneer sodanige mielies vir ondersoek aangebied word, betaal word.

*Appèl*

6. (1) Iemand wat hom deur 'n beslissing of optrede van 'n inspekteur veronreg ag, kan appèl aanteken teen sodanige beslissing of optrede deur binne 24 uur nadat hy van daardie beslissing of optrede in kennis gestel is, 'n kennisgewing van appèl by 'n inspekteur in te dien, en binne genoemde tydperk by sodanige inspekteur, of by enige kantoor van die Afdeling Inspeksiedienste van die Departement, 'n deposito van R25 te deponeer: Met dien verstande dat 'n afsonderlike deposito gestort word ten opsigte van elke afsonderlike besending en met dien verstande verder dat indien die kennisgewing van appèl en die deposito nie binne die voorgeskrewe tydperk van 24 uur ingedien en gedeponeer word nie, die appellant sy reg van appèl ingevolge hierdie regulasie verbeur.

(2) 'n Inspekteur kan aan die houers waarin die mielies verpak is en ten opsigte waarvan 'n appèl aangeteken is, 'n merk of merke aanbring wat hy vir uitkenningsdoeleindes nodig mag ag, en sodanige besending mielies mag nie sonder sy toestemming van die plek waar dit ondersoek of opgeberg is, verwyder word nie.

(3) Die Sekretaris van die Departement of 'n beampte van die Departement deur hom benoem, wys 'n persoon of persone aan wie oor so 'n appèl moet beslis, en sodanige persoon of persone moet daaroor beslis binne drie dae (uitgesonderd Sondae en publieke vakansiedae) na indiening daarvan, en die beslissing van die aldus aangewese persoon of persone is afdoende.

(4) Die aldus aangewese persoon of persone moet die appellant of sy agent minstens twee uur kennis gee van die tyd en plek bepaal vir die verhoor van die appèl, en mag nadat die betrokke mielies vertoon en uitgeken is en alle belanghebbendes aangehoor is, alle persone (met inbegrip van die appellant en sy agent en die inspekteur) gelas om die plek waar die appèl oorweeg word, te verlaat.

(5) (a) Indien 'n appèl van die hand gewys word ten opsigte van al die mielies waarop die appèl betrekking het, of indien al sodanige mielies nie vertoon word op die tyd en plek bepaal deur die genoemde persoon of persone nie, word die bedrag wat ten opsigte daarvan gedeponeer is, verbeur.

(b) Indien 'n appèl gehandhaaf word ten opsigte van die hele besending, word die bedrag wat ten opsigte daarvan gedeponeer is, aan die appellant terugbetaal.

*Vrystellings*

7. Nieteenstaande andersluidende wetsbepalings, is die voorskrifte van die Wet en hierdie regulasies nie van toepassing nie—

(a) op mielies wat vir uitvoer bestem is na die Koninkryk van Lesotho, die Koninkryk van Swaziland, die Republiek van Botswana en die gebied Suidwes-Afrika;

(2) If an inspector is satisfied after his inspection that the requirements of these regulations have been complied with in respect of any consignment of maize, he shall approve for export such consignment, either by marking on each container or label affixed thereto, the words "Approved by Government Inspector", or by issuing a certificate which indicates such approval, or if such a consignment was previously approved for export, confirm the said approval by issuing a certificate which indicates such confirmation.

*Inspection fee*

5. An inspection fee of 0,55c per 100 kg or portion thereof shall be paid to the Department by the exporter of maize when such maize is presented for inspection.

*Appeal*

6. (1) Any person who feels aggrieved as a result of any decision or action taken by an inspector may appeal against such decision or action by submitting a notice of appeal to an inspector within 24 hours after he has been notified of that decision or action and depositing within the said period with such inspector or at any office of the Division of Inspection Services of the Department, a deposit of R25: Provided that a separate deposit shall be submitted for each consignment and provided further that if the notice of appeal and deposit are not submitted and deposited within the prescribed period of 24 hours, the appellant shall lose his right of appeal in terms of this regulation.

(2) An inspector may apply to the containers of maize in respect of which an appeal has been lodged any mark or marks which he may consider necessary for identification purposes and such consignment of maize shall not be removed without his consent from the place where it was inspected or where it is stored.

(3) The Secretary of the Department or an officer of the Department nominated by him, shall designate a person or persons who shall decide such appeal within 3 days (excluding Sundays and public holidays) after it was lodged, and the decision of the person or persons so designated, shall be final.

(4) The person or persons so designated shall give the appellant or his agent at least two hours notice of the time and place determined for the hearing of the appeal, and may after the maize has been produced and identified and all the interested parties have been heard, instruct all persons (including the appellant and his agent and the inspector), to leave the place where the appeal is being considered.

(5) (a) If an appeal is dismissed in respect of all the maize to which the appeal relates or if all such maize is not produced at the time and place determined by the said person or persons, the amount deposited in respect thereof shall be forfeited.

(b) If an appeal is upheld in respect of the entire consignment, the amount deposited in respect thereof shall be refunded to the appellant.

*Exemptions*

7. Notwithstanding anything to the contrary, the requirements of the Act and these regulations shall not apply—

(a) to maize intended for export to the Kingdom of Lesotho, the Kingdom of Swaziland, the Republic of Botswana and the Territory of South-West Africa;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(b) op mielies ten opsigte waarvan die Hoof van Inspeksiedienste skriftelik goedgekeur het dat dit, onderworpe aan voorwaardes deur hom bepaal, by wyse van proefneming uitgevoer word, en ten opsigte waarvan sodanige voorwaardes nagekom is; of

(c) op mielies wat ingeneem word as voorrade vir gebruik op 'n skip of ander vervoermiddel na die buiteland.

## DEEL II

## GEHALTEVEREISTES

*Algemeen*

8. Mielies wat vir uitvoer bestem is, moet aan die vereistes in hierdie deel uiteengesit, voldoen.

*Klasse*

9. Daar is drie klasse mielies bestem vir uitvoer, naamlik:

(a) Pastamielies;
(b) kiepiemielies; en
(c) ongespesifiseerde mielies.

*Grade*

10. (1) Die grade vir die verskillende klasse mielies vir uitvoer bestem is soos volg:

(a) Pastamielies—WM1 en WM2.
(b) Kiepiemielies—P1 en P2.
(c) Ongespesifiseerde mielies—U1 en U2.

(2) Behoudens die toelaatbare afwykings in regulasie 10 voorgeskryf, moet alle grade mielies voldoen aan die vereistes in subregulasie (3) voorgeskryf.

(3) *Algemene vereistes vir alle grade mielies.*—Die mielies moet—

(a) vry van 'n muwwe of ander onaangename reuk wees;

(b) vry van giftige chemiese stowwe wees wat dit ongeskik maak vir menslike of dierlike verbruik, behalwe wanneer sodanige mielies bestem is vir saaddoeleindes en die houer waarin dit verpak is, duidelik gemerk is om aan te dui dat dit saadmielies bevat wat met 'n chemiese stof behandel is;

(c) met die uitsondering van kiepiemielies 'n voggehalte van hoogstens 14 persent hê;

(d) vry van lewende insekte wees ongeag of sodanige insekte op of tussen die mielies, in of op die houers of op losmaat mielies in 'n trok voorkom;

(e) vry van vreemde voorwerpe wees;

(f) vry van gebrekkige mieliepitte wees;

(g) vry van mieliepitte van 'n ander kleur wees; en

(h) vry van mieliepitte van 'n ander klas wees maar mag onreëlmatig in grootte en vorm wees.

(4) *Addisionele vereistes.*—Alle grade van die volgende klasse moet aan die volgende addisionele vereistes voldoen:

(a) Pastamielies moet—

(i) 'n krytagtige dowwe voorkoms hê;

(ii) 'n sagte endosperm bevat; en

(iii) 'n bruin verkleuring toon wanneer die blootgestelde endosperm in 'n 0,1 persent oplossing van jodium gedoop word: Met dien verstande dat indien dit nie bruin verkleur nie sodanige mielies as mielies van 'n ander klas beskou sal word.

(b) Kiepiemielies moet—

(i) 'n blink voorkoms hê;

(ii) van 'n rondepit-tipe wees;

(iii) vry van lewende of dooie graaninsekte wees;

(iv) 'n voggehalte van hoogstens 12,5 persent hê; en

(v) minstens 90 persent van die pitte moet behoorlik pof as dit in 'n pan met plantaardige olie verhit word.

(b) to maize in respect of which the Chief of Inspection services has approved, in writing, that, subject to conditions determined by him, it be exported as an experiment and in respect of which such conditions have been complied with; and

(c) to maize shipped as provisions for consumption aboard a ship or other means of intercountry conveyance.

## PART II

## QUALITY REQUIREMENTS

*General*

8. Maize which is intended for export shall comply with the requirements set out in this part.

*Classes*

9. There are three classes of maize intended for export namely:

(a) Waxy maize;
(b) popcorn; and
(c) unspecified maize.

*Grades*

10. (1) The grades for the various classes of maize intended for export are as follows:

(a) Waxy maize—WM1 and WM2.
(b) Popcorn—P1 and P2.
(c) Unspecified maize—U1 and U2.

(2) Subject to the allowable deviations prescribed in regulation 10 all grades of maize shall comply with the requirements as prescribed in subregulation (3).

(3) *General requirements for all grades of maize.*—The maize shall—

(a) be free from a musty or other objectionable odour;

(b) be free from poisonous chemical substances which may render it unfit for human or animal consumption, except in such cases where such maize is intended for seed purposes and the container in which it is packed, is clearly marked to indicate that it contains seed maize which has been treated with a chemical substance;

(c) with the exeption of popcorn have a moisture content not exceeding 14 per cent;

(d) be free from live insects irrespective whether such insects occur on or amongst the maize, in or on the containers or on bulk maize in a truck;

(e) be free from foreign matter;

(f) be free from defective maize kernels;

(g) be free from other coloured maize kernels; and

(h) be free from maize of another class but may be irregular in form and size.

(4) *Additional requirements.*—All grades of the following classes shall comply with the following additional requirements:

(a) Waxy maize shall—

(i) have a dull chalky appearance;

(ii) contain a soft endosperm; and

(iii) show a brown discolouration when the exposed endosperm is dipped in a 0,1 per cent solution of iodine: Provided that if it does not discolour brown such maize shall be deemed to be maize of another class.

(b) Popcorn shall—

(i) have a shiny appearance;

(ii) be of a flint type;

(iii) be free from live or dead grain insects;

(iv) have a moisture content not exceeding 12,5 per cent; and

(v) at least 90 per cent of the kernels shall pop properly when they are heated in a pan with vegetable oil.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



*Afwykings*

11. Die maksimum afwyking van die vereistes soos voorgeskryf kragtens regulasie 10 wat toegelaat mag word ten opsigte van enige van die genoemde grade mielies is, na gelang van die geval, soos volg:

PASTAMIELIES, KIEPIEMIELIES EN ONGESPESIFISEERDE MIELIES

| Aard van gebreke | Maksimum persentasie toelaatbare afwyking (m/m) | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Klas en graad | | | | | |
| | Pastamielies | | Kiepiemielies | | Ongespesifiseerd | |
| | WM1 | WM2 | P1 | P2 | U1 | U2 |
| (a) Mieliepitte van 'n ander kleur | 3 | 5 | 3 | 5 | 3 | 5 |
| (b) Mieliepitte van 'n ander klas | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 |
| (c) Gebrekkige mieliepitte | 7 | 10 | 5 | 7 | 7 | 10 |
| (d) Vreemde voorwerpe | 0,3 | 0,5 | 0,3 | 0,5 | 0,3 | 0,5 |
| (e) Afwykings in paragrawe (a), (b), (c) en (d) genoem gesamentlik, mits sodanige afwykings indiwidueel binne die perke is | 7 | 10 | 5 | 7 | 7 | 10 |

DEEL III

HOUERS, VERPAKKING EN MERK

*Houers*

12. Houers wat mielies bestem vir uitvoer bevat moet geskik, heel, skoon, droog en reukloos wees.

*Verpakking*

13. (1) Mielies van verskillende klasse mag nie saam in dieselfde houer verpak word nie.

(2) Houers moet behoorlik toegemaak wees.

*Merk*

14. Geen bewoording, illustrasie of ander metode van begripsuitdrukking wat 'n wanvoorstelling behels of wat regstreeks of by implikasie 'n misleidende indruk skep van die inhoud, mag op 'n houer wat mielies bevat, verskyn nie.

DEEL IV

ONDERSOEKMETODES

*Monsterneming*

15. (1) 'n Inspekteur moet vir die doeleindes van sy ondersoek monsters van die mielies wat deur hom ondersoek word, onttrek op die wyse in hierdie regulasie voorgeskryf.

(2) *Ewekansige monsters:* (a) *Uit sakke.*—Klein hoeveelhede van die mielies moet uit 'n aantal sakke wat minstens gelyk is aan die vierkantswortel van die totale aantal sakke in die besending onttrek word op so 'n wyse dat die monsters wat onttrek is, verteenwoordigend van die hele besending is. Hierdie gesamentlike montser moet deeglik gemeng word.

(b) *Mielies in losmaat:* (i) *Uit spoorwegtrokke.*—Wanneer mielies in losmaat in spoorwegtrokke aangebied word vir ondersoek, moet 'n monster by elke luik van die trok deur middel van 'n massasteker onttrek word sodat die monster wat onttrek is, verteenwoordigend is van die inhoud van die trok. Die gesamentlike monster uit elke trok moet deeglik gemeng en apart gehou word vir elke trok.

(ii) *Uit graansuier.*—Wanneer mielies vanaf 'n graansuier in 'n skip gelaai word, moet monsters met gereëlde tussenposes onttrek word by die uitvloei van die verskepingsbakke op die vervoerbande, op so 'n wyse dat

*Deviations*

11. The maximum deviation from the requirements as prescribed in regulation 10 which may be allowed in respect of any of the named grades of maize, as the case may be, shall be as follows:

WAXY MAIZE, POPCORN AND UNSPECIFIED MAIZE

| Nature of defects | Maximum percentage allowable deviations (m/m) | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Class and grade | | | | | |
| | Waxy maize | | Popcorn | | Unspecified | |
| | WM1 | WM2 | P1 | P2 | U1 | U2 |
| (a) Maize kernels of another colour | 3 | 5 | 3 | 5 | 3 | 5 |
| (b) Maize kernels of another class | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 |
| (c) Defective maize kernels | 7 | 10 | 5 | 7 | 7 | 10 |
| (d) Foreign matter...... | 0,3 | 0,5 | 0,3 | 0,5 | 0,3 | 0,5 |
| (e) Deviations in paragraphs (a), (b), (c) and (d) collectively, provided that such deviations are individually within the limits as specified above | 7 | 10 | 5 | 7 | 7 | 10 |

PART III

CONTAINERS, PACKING AND MARKING

*Containers*

12. Containers which contain maize intended for export shall be suitable, whole, clean, dry and odourless.

*Packing*

13. (1) Maize of different classes shall not be packed in the same container.

(2) Containers shall be properly closed.

*Marking*

14. No wording, illustration or other device of expression which constitutes a misrepresentation or which, directly or by implication, creates a misleading impression of the contents shall appear on a container which contains maize.

PART IV

METHODS OF INSPECTION

*Sampling*

15. (1) An inspector shall for the purpose of his inspection abstract samples of maize which is inspected by him, in the manner prescribed in this regulation.

(2) *Random samples:* (a) *Out of bags.*—Small quantities of maize shall be abstracted from a number of bags which is equal to at least the square root of the total number of bags in the consignment in such a manner that the samples abstracted will be representative of the whole consignment. These collective samples shall be mixed thoroughly.

(b) *Maize in bulk:* (i) *Out of railway trucks.*—When maize is presented for inspection in bulk in railway trucks, the samples shall be abstracted at each hatch of the truck with a bulk probe in such a manner that the samples abstracted shall be representative of the contents of the truck. The collective samples from each truck shall be thoroughly mixed and be kept separate for each truck.

(ii) *Out of grain elevator.*—When maize is loaded from a grain elavator into a ship, samples shall be abstracted at regular intervals at the outflow of the shipping bins onto the conveyor belts in such a manner that the samples

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



die monsters wat onttrek is verteenwoordigend sal wees van die besending wat gelaai word. Elke aparte monster moet deeglik gemeng word voor verdere ondersoek.

(3) Monsters onttrek op die wyse in subregulasie (2) uiteengesit, word by die toepassing van hierdie regulasies, as ewekansige monsters beskou.

(4) *Afwykende monsters.*—Indien 'n inspekteur tydens die onttrekking van die ewekansige monsters sou merk dat enige van die hoeveelhede mielies wat uit enige houer of houers of uit 'n gedeelte van 'n spoorwegtrok onttrek is, ooglopend swakker voorkom as, of verskil van dié uit die res van die houers of gedeeltes van die trok, moet hy slegs uit sodanige houers of gedeeltes van die trok met swakker inhoud, klein hoeveelhede mielies onttrek, in 'n houer gooi en dit deeglik meng. Monsters op hierdie wyse onttrek, word by die toepassing van hierdie regulasies as afwykende monsters beskou.

## DEEL V

## TOEPASSING VAN RESULTATE

16. (1) 'n Besending mielies kan deur 'n inspekteur goedgekeur word op grond van die resultate wat verkry is met 'n enkele ontleding van 'n ewekansige monster, onderhewig aan die voorwaardes soos in subregulasie (2) en (3) voorgeskryf.

(2) Indien die resultate van 'n ontleding van 'n ewekansige monster egter net minder as die volgende van die toelaatbare afwyking verskil, hetsy dit binne die limiete is of die limiete oorskry, soos in die onderstaande tabel aangetoon, moet 'n tweede ontleding op dieselfde monster gedoen word ten einde die resultaat van die eerste ontleding te kontroleer:

| *Toelaatbare afwyking* | *Verskil t.o.v. die afwyking* % |
|---|---|
| Meer as 0,3% maar hoogstens 0,5% | 0,1 |
| Meer as 0,5% maar hoogstens 5% | 0,5 |
| Meer as 5% maar hoogstens 10% | 1 |

(3) Geen besending mag egter afgekeur word alvorens 'n verdere twee ontledings van 'n addisionele monster verkry uit dieselfde of bykomstige ewekansige monster gedoen is nie en met dien verstande ook dat die gemiddelde resultaat van al sodanige ontledings as resultaat ten opsigte van die besending sal geld.

(4) Nieteenstaande enigiets tot die teendeel in hierdie regulasies moet 'n inspekteur indien hy 'n afwykende monster ingevolge subregulasie 15 (4) onttrek het, die besending afkeur indien die gemiddelde resultate van minstens twee ontledings van die afwykende monster afwyk van die vereistes wat in Deel II voorgeskryf word.

## DEEL VI

## BEPALING VAN PERSENTASIE AFWYKINGS

17. (1) Die persentasie afwykings in 'n hoeveelheid mielies moet bepaal word op die wyse soos in hierdie regulasie voorgeskryf.

(2) *Bepalings van persentasie vreemde voorwerpe.*—(a) Meet 'n monster van minstens 200 g mielies af uit 'n ewekansige of uit 'n afwykende monster, na gelang van die geval;

(b) sorteer die 200 g mielies op so 'n wyse dat die vreemde voorwerpe behoue bly;

(c) bepaal die massa van die vreemde voorwerpe aldus verkry en druk dit uit as 'n persentasie van die massa van die monster.

(3) *Bepalings van persentasie gebrekkige mieliepitte.*—(a) Meet 100 g mielies af uit 'n ewekansige of uit 'n afwykende monster, na gelang van die geval;

(b) sorteer die 100 g mielies op so 'n wyse dat die gebrekkige mieliepitte behoue bly; en

(c) bepaal die massa en druk dit uit as 'n persentasie van die 100 g.

abstracted will be representative of the consignment which is loaded. Each separate sample shall be mixed thoroughly before further examination.

(3) Samples abstracted as prescribed in subregulation (2), shall for the purpose of these regulations, be considered as random samples.

(4) *Deviating samples.*—If an inspector should notice during the course of abstracting the random samples that quantities of maize from any container or containers or portion of a railway truck are obviously inferior to, or differ from that abstracted from the remainder of the containers or other portions of the truck, he shall abstract samples only out of such containers or portion of a truck with the inferior maize and mix them thoroughly. Samples abstracted in this manner shall, in the application of these regulations, be considered as deviating samples.

## PART V

## APPLICATION OF RESULTS

16. (1) A consignment of maize can be approved by an inspector by virtue of the results obtained from the single analysis of a random sample, subject to conditions as prescribed in subregulations (2) and (3).

(2) In the event of the results of an analysis of a random sample differing less than the following percentages from the allowable deviations as indicated in the following table, being either within the limits or exceeding the limits a second analysis should be made to control the results of the first analysis:

| *Allowable deviation* | *Difference in respect of deviation* % |
|---|---|
| More than 0,3% but not exceeding 0,5% | 0,1 |
| More than 0,5% but not exceeding 5% | 0,5 |
| More than 5% but not exceeding 10% | 1 |

(3) No consignment may however be rejected before a further two analyses are made from an additional sample obtained from the same or an additional random sample and provided also that the average of the results of all such analyses shall be regarded as the result in respect of the consignment concerned.

(4) Notwithstanding anything to the contrary in these regulations an inspector shall, if he has abstracted a deviating sample by virtue of subregulation 15 (4), reject the consignment if the results of at least two analyses of the deviating sample do not comply with the requirements for the grade concerned which are prescribed in Part II.

## PART VI

## DETERMINATION OF THE PERCENTAGE DEVIATIONS

17. (1) The percentage deviations in a quantity of maize shall be determined in the manner prescribed in this regulation.

(2) *Determination of the percentage foreign matter.*—(a) Measure out at least 200 g maize obtained from either a random or deviating sample, as the case may be;

(b) sort the 200 g of maize in such a manner that the foreign matter is retained; and

(c) determine the mass of the foreign matter so obtained and express as a percentage of the mass of the sample.

(3) *Determination of percentage defective maize kernels.*—(a) Measure out 100 g maize obtained from either a random or deviating sample, as the case may be;

(b) sort the 100 g maize in such a manner that the defective maize kernels are retained; and

(c) determine the mass and express as a percentage of the 100 g.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(4) *Bepaling van persentasie mielies van 'n ander kleur.*—(a) Meet 100 g mielies of uit 'n ewekansige of uit 'n afwykende monster, na gelang van die geval;

(b) sorteer die 100 g mielies op so 'n wyse dat die pitte van 'n ander kleur behoue bly; en

(c) bepaal die massa van die pitte van 'n ander kleur aldus verkry en druk dit uit as 'n persentasie van die 100 g.

(5) *Bepaling van persentasie mielies van 'n ander klas, in die geval van kiepie- en ongespesifiseerde mielies.*—(a) Meet 100 g mielies af uit 'n ewekansige of uit 'n afwykende monster, na gelang van die geval;

(b) sorteer die 100 g mielies op so 'n wyse dat die pitte van 'n ander klas behoue bly;

(c) bepaal die massa van die pitte van 'n ander klas aldus verkry en druk dit uit as 'n persentasie van die 100 g.

(6) *Bepaling van persentasie mielies van 'n ander klas in die geval van pastamielies.*—(a) Meet 100 g mielies af uit 'n ewekansige of uit 'n afwykende monster, na gelang van die geval;

(b) sorteer die 100 g mielies op so 'n wyse dat die pitte wat ooglopend van 'n ander klas is, behoue bly;

(c) bepaal die massa van die pitte van 'n ander klas aldus verkry en druk dit uit as 'n persentasie van die 100 g;

(d) skraap die saadhuid van 'n voldoende hoeveelheid van die oorblywende pitte (nadat die pitte van 'n ander klas verwyder is) met 'n skerp instrument sodat voldoende sulke behandelde pitte verkry word om 'n monster van 10 g af te meet;

(e) meet 'n monster van 10 g pitte af, verkry soos in subregulasie (d) voorgeskryf;

(f) druk die ontblote dele van die endosperm in 'n 0,1 persentasie oplossing van jodium;

(g) bepaal die massa van pitte wat na indoping in die jodiumoplossing blou in plaas van bruin verkleur het en druk dit uit as 'n persentasie van die 10 g;

(h) tel die persentasies in subregulasies (c) en (g) aldus verkry, bymekaar; en

(i) hierdie gesamentlike persentasie word as die persentasie pitte van 'n ander klas beskou.

(7) *Bepaling van persentasie kiepiemielies wat behoorlik pof.*—(a) Meet 100 g kiepiemielies af uit 'n ewekansige of uit 'n afwykende monster, na gelang van die geval;

(b) verhit die mieliepitte dan as volg:

Plaas twee teelepels vol (10 ml) plantaardige olie in 'n bakpan en verhit totdat die olie byna kook. Die 100 g mieliepitte word dan bygevoeg en vir vyf minute stadig en egalig verhit. Laat afkoel en verwyder die mieliepitte wat nie behoorlik gepof het nie en wat gewoonlik onder op die bodem van die pan lê;

(c) bepaal die massa van die pitte wat behoorlik gepof het en druk uit as 'n persentasie van die 100 g.

## DEEL VII

## BEPALING VAN VOGGEHALTE

*Algemeen*

18. (1) Die voggehalte van mielies word bepaal volgens—

(a) die Marconi-elektriese weerstandsmetode; of

(b) die Brown-Duvel-metode, soos in hierdie deel uiteengesit.

(2) In die geval van kiepiemielies moet alleen die Marconi-metode toegepas word.

*Monster*

19. In die geval van die Marconi-metode moet 'n monster van minstens 70 g en hoogstens 80 g mielies, uit die ewekansige of afwykende monster, na gelang van

(4) *Determination of percentage maize of another colour.*—(a) Measure out 100 g maize obtained from either a random or deviating sample, as the case may be;

(b) sort the 100 g maize in such a manner that the kernels of another colour are retained; and

(c) determine the mass of the kernels of another colour so obtained and express as a percentage of the 100 g.

(5) *Determination of percentage maize of another class in the case of popcorn and unspecified maize.*—(a) Measure out 100 g maize obtained from either a random or deviating sample, as the case may be;

(b) sort the 100 g maize in such a manner that the kernels of another class are retained; and

(c) determine the mass of the kernels of another class so obtained and express as a percentage of the 100 g.

(6) *Determination of percentage maize of another class in the case of waxy maize.*—(a) Measure 100 g maize obtained from either a random or deviating sample, as the case may be;

(b) sort the 100 g maize in such a manner that the kernels which are obviously of another class, are retained;

(c) determine the mass of the kernels of another class so obtained, and express as a percentage of the 100 g;

(d) remove a portion of the pericarp of a sufficient number of the remaining kernels after the kernels of another class have been removed with a sharp instrument so that sufficient of such treated kernels can be obtained to measure out a sample of 10 g;

(e) measure out a sample of 10 g kernels obtained as described in subregulation (d);

(f) dip the exposed portions of the endosperms in a 0,1 percent solution of iodine;

(g) determine the mass of the kernels which after immersion are discoloured blue instead of brown and express as a percentage of the 10 g;

(h) add the percentages so obtained in subregulations (c) and (g); and

(i) the collective percentage shall be considered as the percentage kernels of another class.

(7) *Determination of percentage popcorn which pops properly.*—(a) Measure out 100 g popcorn obtained from either a random or deviating sample, as the case may be;

(b) heat the maize kernels as follows:

Place two teaspoonsful (10 ml) of vegetable oil in a frying pan and heat until the oil nearly boils. The 100 g maize kernels are then added and are then further slowly heated for five minutes. Allow to cool, and remove the kernels which did not pop properly and which are usually found on the bottom of the pan;

(c) determine the mass of the kernels which popped properly and express as a percentage of the 100 g.

## PART VII

## DETERMINATION OF MOISTURE CONTENT

*General*

18. (1) The moisture content of maize shall be determined by—

(a) the Marconi electrical resistance method; or

(b) the Brown-Duvel method, as described in this part.

(2) In the case of popcorn only the Marconi method shall be applied.

*Sample*

19. In the case of the Marconi method a sample of at least 70 g and not more than 80 g maize shall be taken from a random or deviating sample, as the case may be.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



die geval, geneem word. In die geval van die Brown-Duvel-metode moet 'n monster van 100 g geneem word uit 'n ewekansige of afwykende monster, na gelang van die geval.

*Marconi-elektriese weerstandsmetode*

*Apparaat*

20. Die volgende apparaat word vir die bepaling van voggehalte gebruik:

(a) 'n Marconi-vogmeter Model TF 933, TF 933A of TF 933B;

(b) 'n koffiemeul of Alexanderwerk 466 meul of Philips-elektriese meul (tipe HA 2760), of ander geskikte meul;

(c) 'n glasfles wat 'n inhoudsmaat van minstens 350 ml en hoogstens 450 ml het en van 'n skroefdeksel voorsien is;

(d) 'n 10-maashandsif;

(e) 'n 20-maashandsif; en

(f) 'n Celsius termometer.

*Maal van monster*

21. Maal die mielies van die monster in regulasie 19 voorgeskryf op die volgende wyse:

(a) Verstel die meul sodat die voorgeskrewe graad van fynheid verkry kan word;

(b) die meul moet egalig gedraai word;

(c) die maalproses moet minstens 30 sekondes en hoogstens 90 sekondes duur;

